

4 Oktober - SAMARIA

Skrif- en Fokusgedeelte: Johannes 4:7-9, 42

Samaria is die pragtige stad op 'n hoë heuwel; stad met die mooi uitsig; stad vol dronkaards en bose konings (Jes 28:1). Dit is die stad van mense wat soekend was na die lig, maar deur hulle broers verag is (Joh 4:9); stad waar die lig van Christus se liefde deur die donker haat van mense deurgebreek het.

Omri, een van die konings van die tienstammeryk Israel, het die stad gestig in 'n tyd van gevegte en intrige en moord. Simri, sy voorganger, het slegs sewe dae geregeer! Simri self het koning Ela vermoor toe hy dronk was, en 'n staatsgreep uitgevoer.

Die een koning na die ander het daarna in die stad afgodery bedryf. Dit lees soos 'n refrein deur die Koningsboeke in die Bybel: *"Hulle het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here."* Tog het die wete dat die ware God leef, nie uitgesterf nie.

Later, na die ballingskap, het die Samaritane met hulle half-heidense, half-Joodse godsdienste hulle weer by die Jode uit Juda probeer voeg. Dit kon egter nie gebeur nie, en so het Samaria 'n half-heidense plek gebly; 'n veragte plek vir die Jode van Jerusalem. Op 'n keer het die Samaritane selfs vir Jesus blyplek geweier (Luk 9: 53).

Tog het Jesus die Samaritane liefgehad. Teen die gangbare gebruik in het hy die Samaritaanse vrou by die put ontmoet en haar na die lig gelei. Later het baie mense in die stad in Jesus begin glo. Hulle het toe selfs aangedring dat Hy by hulle moet kom oorbly (Joh 4:40).

Samaria is die stad waar dronkaards en moordenaars se nageslag Jesus leer ken het; waar 'n straatvrou 'n getuie van Jesus geword het en waar toe deure vir Jesus oopgegaan het.

As dit dáár kon gebeur, weet ons: Die liefde van Christus kan enige mens en samelewing verander.

Sing: Skrifberyming 4-7:2

Ds KAJ van Rensburg (Paarl)